

# Q&A

## *Vayak'hel & Pekudei*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Eks. 35:1 – Eks. 40:38
**Haftarah:** 1 Kon. 7:13 – 1 Kon. 8:21
**B'rit Hadashah:** Joh. 13:1-19; Luk. 16:1-13; 2 Kor. 9:1-15; 2 Kor. 2:14 – 3:23

1. Waarom dink jy begin Moses in Eksodus 35 deur weer oor die Sabbat te praat?
2. Hoekom sê Eksodus 35:3 dat 'n mens nie vuur op die Sabbat mag aansteek nie?
3. n Matteus 12 sien ons dat die Fariseërs opgewonde is omdat Yeshua se dissipels koringare pluk. Hoekom sê die Fariseërs dit is nie geoorloof om op die Sabbat te doen nie? Hoe hou dit verband met die verbod om vuur aan te steek?
4. Wie is aangestel om die hoof van al die vakmanne in die bou van die Mishkan te wees? Watter komitee het hom aangestel en aan watter vereistes moes hy voldoen?
5. Watter tipe offer moes die volk vir die Tabernakel bring, en hoe het die kinders van Israel daarop gereageer?
6. Wie moes help om die Tabernakel te bou?
7. Wat leer dit ons dat die kinders van Israel meer as genoeg gebring het vir die Tabernakel?
8. Waarom dink jy is daar soveel detail oor die bou van die Tabernakel (Eksodus 36–38)?
9. Waarom het die hoëpriester die name van die 12 stamme van Israel op sy borsplaat gedra?

10. In Openbaring lees ons dat die Nuwe Jerusalem 12 poorte het met die name van die 12 stamme van Israel daarop. Beteken dit dat 'n mens moet weet van watter stam jy is om in te gaan? En wat van gelowiges uit die nasies wat nie deel van die 12 stamme is nie?

11. Wat was die inskripsie op die hoëpriester se kroon en wat beteken dit?

12. Wat was die agt spesiale priesterlike klere wat Aaron moes dra elke keer as hy in die Tabernakel bedien het?

13. Waarom dra hierdie kledingstukke soveel betekenis?

14. Voordat Abba Vader die Tabernakel op Sy bepaalde tyd vul met Sy teenwoordigheid, gee Hy eers vir Moses instruksies oor die samestelling van die Tabernakel. Watter instruksies en prosedures gee Abba Vader vir Moses?

15. Abba Vader gee toe vir Moses nog 'n verdere opdrag en sê in Eksodus 40:9: "Dan moet jy die salfolie neem, en jy moet die Tabernakel salf en alles wat daarin is, heilig, en alles wat daaraan behoort; dit sal heilig wees." Watter spesifieke olie gebruik Abba Vader en watter Hebreeuse beeld of simboliek toon Hy vir ons in hierdie bestanddele?